# INHOUDSOPGAWE

**1 ALGEMENE INLIGTING ........ 2**

1.1 Aansoekprosedure ........ 2
1.2 Kontakbesonderhede en kommunikasie ........ 2
1.3 Voorligter en maatskaplike werker ........ 3
1.4 Graadleiers ........ 3
1.5 Selfone en sluitkassies ........ 3
1.6 Rekenaargebruik ........ 3
1.7 Handboeke ........ 3
1.8 Klerewinkel ........ 3
1.9 Kleredragreëls ........ 3
1.10 Voorkoms ........ 3
1.11 Finansies ........ 5

**2 TOELATINGSPROSEDURE ........ 5**

2.1 Agtergrond en beginsels ........ 5
2.2 Administratiewe prosedure vir toelating van gr. 8-leerders ........ 6
2.3 Administratiewe prosedure vir toelating van leerders in gr. 9 - 12.. 7
2.4 Praktiese implikasies by alle aansoeke ........ 8

**3 AKADEMIE ........ 9**

3.1 Vakkeuse ........ 9
3.2 Akademiese Bystandsklasse ........ 10
3.3 Huiswerkklas ........ 10
3.4 Olimpiades ........ 10

**4 BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE ........ 10**

4.1 Sport ........ 10
4.2 Kulturele aktiwiteite, verenigings en klubs ........ 11

**5 WAARDES EN MANIERE ........ 13**

**6 EIE NOTAS ........ 15**

# 1 ALGEMENE INLIGTING

## 1.1 Aansoekprosedure

Die aansoekvorm moet volledig ingevul en geteken word waarna dit by me. Comine Pienaar, die skoolhoof se sekretaresse, ingehandig word. Aansoeke open 13 Maart. Die sluitingsdatum vir alle aansoeke is 14 April 2023. Geen onvolledige aansoek sal in ontvangs geneem word nie. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om te sorg dat die aansoek volledig is.

Die volgende dokumente moet ingesluit wees by die aansoek:

- Voltooide aansoekvorm
- Gewaarmerkte afskrifte van:
  - jongste skoolrapport/verslag asook Desember 2022 rapport;
  - leerder se identiteitsdokument of geboortesertifikaat.
  - identiteitsdokumente van ouer(s)/voog(de) en/of elke persoon wat onder die omskrywing van "ouer" (in die Skolewet) val, asook woonadres, werkadres en alle telefoon-, faks- of eposbesonderhede van sodanige persone;
  - bewys van mediese fonds (indien van toepassing).
  - bewys van immunisering (i.e. polio, masels, tuberkulose, witseerkeel, klem-in-die-kaak en hepatitis B);
  - enige hofbevel of enige testamentêre geskrif wat voogskap of wettige aanspraak op sorg, of enige soortgelyke reg van die persoon ("ouer") wat daarop aanspraak maak, bevestig, asook (indien van toepassing) skriftelike magtiging deur sodanige ouer(s)/voog(de)/persoon, aan enige persoon om hom/haar/hulle in die aansoek om toelating van die leerder tot die Skool of in enige ander aangeleentheid met betrekking tot die leerder te verteenwoordig;
  - 'n Beëdigde verklaring, werkgewersertifikaat, elektrisiteitsrekening of enige ander bewys van 'n leerder en sy/haar "ouers" se woonplek, of die feit en plek van indiensneming van die leerder se "ouers";
- Besonderhede van enige aanmeldbare siekte waaraan die leerder (moontlik) ly en/of enige toestand van die leerder wat die liggaamlike welsyn van enige ander leerder of personeellid van die Skool kan raak en/of enige bepaalde behoeftes wat die leerder mag hê en wat mag aandag verg;
- Vakkeusevorm (Slegs graad 9 tot 12 leerders)
- Finansiële vorms;
- Oorplasingskaart (wanneer 'n leerder vanaf 'n ander openbare hoërskool aansoek doen);
- Besonderhede van enige ernstige oortreding waaraan die leerder deur 'n hof of enige skool waar die leerder voorheen ingeskryf was, skuldig bevind is.
- Bewys van aanlynregistrasie.
- POPI-vorms

## 1.2 Kontakbesonderhede en kommunikasie

| | |
|---|---|
| Tel: | 021 853 1056 |
| E-pos: | admin@hsstrand.co.za |
| Toelatings: | toelatings@hsstrand.co.za |
| Webtuiste: | www.hsstrand.co.za |

d6 connect

**Dit is noodsaaklik om die D6 Connect op u selfoon te laai.**

## 1.3 Voorligter en maatskaplike werker

Ons skool beskik oor 'n voltydse voorligter wat leerders behulpsaam is met vakkeuses, studieprobleme, ens. Die skool het ook 'n voltydse maatskaplike werker wat leerders kan bystaan met persoonlike uitdagings.

## 1.4 Graadleiers

Die graadleier dien as skakel tussen die ouer en die skool. Indien u enige navrae rakende u kind het, is u welkom om met die graadleier te skakel. Die graadleier bly sover moontlik verantwoordelik vir die graad tot matriek.

## 1.5 Selfone en sluitkassies

Geen selfoon of enige ander elektroniese toestelle mag gedurende skoolure, pouses, in enige klas of tydens saalbyeenkomste in besit van 'n leerder wees nie. Selfoonsluitkassies kan gehuur word sodat selfone gedurende die skooldag veilig toegesluit word.
Leerders kan ook groter sluitkassies by die skool huur om hul persoonlike besittings, boeke, sportklere, ens. in toe te sluit.

## 1.6 Rekenaargebruik

Die skool beskik oor 'n toegeruste rekenaarsentrum met internettoegang wat Maandag tot Donderdag van direk na skool tot 15:30 beskikbaar is. Die internet mag slegs vir formele skoolwerk aangewend word.

## 1.7 Handboeke

Die handboekwinkel word privaat deur The Book Corner bedryf en is geleë op die skoolterrein by die sportsgronde. Bestelvorm vir voornemende Gr 8 leerders sal in die derde kwartaal beskikbaar wees by die boekwinkel of kan afgelaai word by www.thebookcorner.co.za - Strand High School. Besigheidsure gedurende die skooljaar is Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 07:15 en 13:15. Tydens spitsperiodes in Desember en Januarie is die winkel oop Maandag tot Vrydag 07:15 tot 15:15. Kontak Miemie Calitz op 021 853 4753.

## 1.8 Klerewinkel

Volle skooldrag (insluitend sportdrag) is by De Jagers beskikbaar.

## 1.9 Kleredragreëls

| Skooldrag | | | |
|---|---|---|---|
| Seuns | | Meisies | |
| Somer<br>1ste en 4de Kwartaal | Winter<br>2de en 3de Kwartaal | Somer<br>1ste en 4de Kwartaal | Winter<br>2de en 3de Kwartaal |
| Das<br>Oortrektrui/Langmoutrui<br>Wit toeknoophemp<br>Grys broek<br>Grys skoolkouse<br>Swart skoolskoene<br>Skoolbaadjie (opsioneel)<br>Skoolbaadjie word vir elke saalbyeenkoms gedra. | Das<br>Oortrektrui/Langmoutrui<br>Wit toeknoophemp<br>Grys broek<br>Grys skoolkouse<br>Swart skoolskoene<br>Skoolbaadjie<br>Hoërskool Strand serp (opsioneel) | Wit dames bloes met skoolwapen<br>Tartanrompie<br>Wit sokkies<br>Swart skoolskoene<br>Oortrektrui/Langmoutrui<br>Skoolbaadjie (opsioneel)<br>Skoolbaadjie word vir elke saalbyeenkoms gedra. | Das<br>Wit toeknoophemp<br>Tartanrompie<br>Swart broekiekouse<br>Swart skoene<br>Oortrektrui/Langmoutrui<br>Skoolbaadjie<br>Groen langbroek (slegs met skoolbaadjie)<br>Hoërskool Strand serp (opsioneel) |

Die nuwe (vlootblou / navy) reënbaadjie – wat ook die ou sweetpakbaadjie vervang - mag voor, tydens en na skool gedra word. Die nuwe reënbaadjie vervang nie die skoolbaadjie tydens saalperiodes nie.

## 1.10 Voorkoms

### Versorging van hare

| Meisies | Seuns |
|---|---|
| • Hare moet te alle tye weg van die gesig vasgesteek of met 'n haarband weggebind wees.<br>• Hare moet glad gekam/geborsel wees.<br>• As die hare oor die hempkraag hang, moet dit in een of twee poniesterte gebind wees.<br>• As die hare oor die voorkop hang, moet dit bokant die wenkbroue geknip wees.<br>• Knippies word slegs gebruik om hare plat en uit die gesig te hou (te veel knippies vertoon slordig).<br>• Bykomstighede in die skoolkleure (donker-groen, vlootblou of wit) of dieselfde as die haarkleur mag gedra word.<br>• Hare mag nie in 'n "fonteintjie" bo-op die kop vasgemaak word nie.<br>• Stywe bolla word toegelaat, maar die algemene indruk moet netjies wees.<br>• Sonstrepe: Een kleur wat effens ligter of donkerder as jou natuurlike haarkleur is.<br>• Hare se natuurlike kleur mag nie verander word nie. (bv. van donkerbruin na blond, blond na swart, ens.).<br>• Haarstukke wat hare verleng se verbinding mag nie sigbaar wees nie. | • Hare mag nie oor die kraag, die ore of die wenkbroue van die leerder wees nie.<br>• Bo-op, agter en langs die kante moet die hare netjies uitgedun wees. Die hare moet van bo na onder geleidelik korter word sodat 'n "undercut" vermy word. Hare moet in verhouding gesny wees.<br>• Indien die kuif vorentoe gekam word, mag dit nie laer as die wenkbroue strek nie.<br>• Geen stertjies word toegelaat nie.<br>• Geen sonstrepe.<br>• Hare se natuurlike kleur mag nie verander word nie. (bv. van donkerbruin na blond, blond na swart, ens.)<br>• Geen jel mag gebruik word om punte of vreemde haarstyle te skep nie.<br>• Baarde, insluitende wangbaarde, moet te alle tye netjies en glad geskeer wees.<br>• Die algemene indruk moet netjies wees en die haarstyl moenie onnodige aandag trek nie. |

**Juweliersware**

Geen versierings, hangertjies, ringe, krale in die hare ens. by skooldrag nie. Behalwe horlosie, mag slegs "medic alert"-hangertjie of -armband gedra word.

Oorringe: Slegs meisies mag goue/silwer/kleurlose pêrel/diamant-"studs" (5mm in deursnee) of oorringetjies (1cm in deursnee) dra. Slegs een in elke oor en dan in die onderste gaatjie van die oorlel. Ekstra oorbelle in ander gaatjies mag nie met pleisters toegeplak word nie. Geen pennetjies word in die ekstra gaatjies toegelaat nie.

**Lapelwapens**

Lapelwapens wat 'n prestasie of betrokkenheid in skoolverband aandui en deur die leierspan goedgekeur is, mag gedra word.

**Grimering**

Geen grimering word saam met enige van die amptelike skooldrag of sportdrag gedra nie.

**Naels**

Moet te alle tye kort en skoon wees. Meisies mag slegs kleurlose naellak dra.

**Tasse**

Geen graffiti op tasse, slegs naam en graad.

**Kougom**

Die kou van kougom word nie toegelaat nie.

**Tatoeëermerke**

Dit mag nie sigbaar wees wanneer leerders in skooldrag of sportdrag geklee is nie.

### 1.11 Finansies

### Skoolgeld

Die skoolgeld beloop R 29 535 per leerder per jaar vir 2023. Die bedrag word jaarliks, nadat die begroting in Oktober goedgekeur is, aangepas.

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar op die volgende wyses:

- Volle betaling voor of op 31 Januarie, 5% korting, bedrag verskuldig is R 28 058.25
- Per maandelikse debietorder vanaf Januarie tot November. Debietordervorms is by mev. L Verwey beskikbaar.
- Maandelikse kaartbetalings by die skool voor die 7de dag van elke maand.
- Direkte inbetaling in die skool se bankrekening.

## 2 TOELATINGSPROSEDURE

### 2.1 Agtergrond en beginsels

2.1.1 Die Grondwet van Suid-Afrika (artikel 29(1)) waarborg vir elke kind die reg tot 'n basiese opvoeding.

2.1.2 Ingevolge die SASW artikel 3(1), is skoolonderrig verpligtend vir alle leerders vanaf die ouderdom van sewe jaar tot die laaste skooldag van die jaar waarin die leerder die **ouderdom van vyftien jaar** of die **negende graad** bereik het, welke een die eerste gebeur. Indien die leerder nie meer skoolpligtig is nie, het die Skool geen verpligting om die leerder te aanvaar nie.

2.1.3 ’n Leerder wat met meer as twee jaar buite die ouderdomsnorm val, sal nie vir toelating oorweeg word nie. Die ouderdomsnorm is die graad plus 6 jaar.

2.1.4 Ingevolge die SASW artikel 5(5) bepaal die Beheerliggaam van die skool die toelatingsbeleid van die skool.

2.1.5 Die skoolhoof het die gedelegeerde gesag om leerders toe te laat op grond van die skool se toelatingsbeleid soos goedgekeur deur die skoolbeheerliggaam. Die skoolhoof, as lid van die beheerliggaam, neem deel aan die proses om die toelatingsbeleid op te stel en die toelating en administrasie van leerders by die skool.

2.1.6 Daar sal op geen wyse gediskrimineer word teen aansoekers op grond van geloof, ras, gestremdheid of inkomstevlak nie, maar omdat die Skool nie alle leerders kan inneem nie is een of ander vorm van (billike en regverdigbare) diskriminasie rakende leerdertoelating onvermydelik.

2.1.7 Strand en sy onmiddellike omgewing word beskou as die natuurlike voedingsgebied van die skool. Die behoefte van leerders om 'n tradisionele Afrikaanse skool by te woon, word erken.

2.1.8 Wat Engelssprekendes betref, is daar verskeie skole in bostaande voedingsgebied geleë wat in hierdie groep se taalbehoeftes kan voorsien.

2.1.9 'n Aansoek wat by die skool ingedien word, is nie 'n waarborg dat 'n leerder aanvaar sal word nie. ‘n Aansoek is alleenlik goedgekeur en ‘n leerder aanvaar as die skoolhoof en/of lid van die keuringskomitee die aansoek onderteken het.

2.1.10 Alle leerders wat by Hoërskool Strand aansoek om toelating doen, moet die verlangde aansoekvorms voltooi en nodige dokumentasie/bewyse verskaf.

2.1.11 'n Aansoek word slegs as volledig beskou indien al die verlangde dokumente deur die skool ontvang is. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer om te verseker dat alle verlangde dokumente deur die skool ontvang en vorms volledig voltooi word.

2.1.12 Alle tydige aansoeke wat ontvang word, sal oorweeg word. Aansoeke wat na die finale sluitingsdatum (soos vasgestel deur die WKOD) ontvang word, sal slegs oorweeg word indien die skool se kapasiteit (per spesifieke graad) nog nie bereik is nie.

2.1.13 'n Beperkte getal plekke word oopgehou vir leerders wie se ouers/voogde a.g.v. verplasings nie teen die sluitingsdatum kon aansoek doen nie. Die aansoeke van leerders van ouers/voogde wat verplaas is en in die skool se voedingsgebied kom woon, word oorweeg soos dit ontvang word.

2.1.14 Ouers van leerders op die waglys moet aanvaar dat die waglys steeds nie plek in die skool verseker nie en moet steeds by ten minste twee ander skole aansoek doen.

2.1.15 Die Skolewet bepaal dat ouers (soos in die Skolewet omskryf) persoonlik verantwoordelik daarvoor is om aansoek vir toelating tot 'n skool te doen.

## 2.2 Administratiewe prosedure vir toelating van gr. 8-leerders

2.2.1 Alle **volledig voltooide** aansoeke (ingeslote vereiste dokumentasie/bewyse) wat teen die sluitingsdatum ontvang is, word as volg hanteer:

2.2.1.1 'n Meriete volgorde, gebaseer op 'n gesamentlike punt vir akademiese prestasie, sportbe-oefening, kultuurbeoefening en leierskappotensiaal, volgens die skool se evalueringsinstrument, word opgestel.

2.2.1.2 Die meriete volgorde word gebruik om die beskikbare getal plekke te vul, waartydens voorkeur gegee sal word in die volgende volgorde:

- *Eerstens*, aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.
- *Tweedens*, aansoeke namens leerders wat *bona fide* (werklik) saam met hulle ouers (soos in die Skolewet omskryf) binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.
- *Derdens*, aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is.
- *Vierdens*, aansoeke namens leerders wie se ouer(s) werklik by 'n adres binne die natuurlike voedingsgebied van die Skool in diens is, en wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die toelatingsaansoek aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is.
- *Vyfdens*, aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se moedertaal die onderrigtaal van die Skool is, en wat 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.
- *Sesdens*, aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon, wie se gekose onderrigtaal (welke keuse deur die ouer(s) op die aansoekvorm aangedui word) die onderrigtaal van die Skool is, en wat graag 'n vak/vakke wil neem wat deur die Skool en nie deur 'n ander skool nader aan die leerder se woonplek aangebied word nie.

- *Laastens*, aansoeke namens leerders wat buite die natuurlike voedingsgebied van die Skool woon en wie se moedertaal of gekose onderrigtaal die onderrigtaal van die Skool is, op 'n eerste-kom, eerstekeuse-grondslag gebaseer op die meriete van die onderskeie aansoeke.

2.2.1.3 Nadat die plekke gevul is (soos in 2.2.1.2 gestel), word die oorspronklike meriete volgorde gebruik om die oorblywende plekke in die skool te vul, met inagneming van die “gereserveerde” plekke soos in 2.1.13 genoem.

2.2.2 Die skool stel suksesvolle en onsuksesvolle kandidate in kennis van die uitslag van die aansoek op die laatste teen die einde van die tweede kwartaal.

2.2.3 Die ouers van suksesvolle aansoekers moet, so gou as moontlik, maar nie later as die einde van die eerste skoolweek van die derde kwartaal, die skool skriftelik in kennis stel dat hulle die plek in die skool aanvaar of nie. ‘n Bedrag van R1600.00 is betaalbaar by die aanvaarding van die plek. Hierdie bedrag word teen u skoolgeld van 2024 verreken.

2.2.4 Die onsuksesvolle aansoekers word op 'n waglys geplaas. Die ouers/voogde word so gou moontlik hiervan in kennis gestel en aangemoedig om ook by ten minste twee ander skole aansoek te doen. 'n Leerder word ook op 'n waglys geplaas indien die toelaatbare getal vir die betrokke graad gevul is.

## 2.3 Administratiewe prosedure vir toelating van leerders in gr. 9 - 12

2.3.1 Alle **volledig voltooide** aansoeke (ingeslote vereiste dokumentasie/bewyse) wat tydig deur die skool ontvang word, sal oorweeg word.

2.3.2 Indien die vakkeuse van die leerder nie deur die skool geakkommodeer kan word nie, of indien daar enige ander besonderhede in die aansoek is wat daarop dui dat dit nie in die leerder of die skool se beste belang is dat die leerder toegelaat word nie, sal die leerder nie toegelaat word nie.

2.3.3 Leerders wat in ’n ander skool geakkommodeer is en die skool verlaat het, kan nie aandring op ’n plek in Hoërskool Strand op grond van skoolpligtigheid en/of dat dit die naaste skool is nie.

2.3.4 Wanneer 'n leerder die skool verlaat het en 'n oorplasingsertifikaat op versoek van die ouer aan die ouer uitgereik is, word die leerder nie meer as 'n leerder van Hoërskool Strand geag te wees nie. Indien die leerder wil terugkeer na die skool moet die ouer 'n aansoekvorm vir die leerder voltooi. Die leerder se buitemuurse betrokkenheid en/of dissiplinêre rekord sal soos by enige ander aansoek oorweeg word by 'n heraansoek.

2.3.5 Die SBL sal slegs in uitsonderlike gevalle ’n leerder in graad 12 toelaat. Die leerder se vakke moet volledig ooreenstem met die skool se vakkeuse, en volledige bewyse van die leerder se prestasie moet beskikbaar wees. Indien die leerder ’n akademiese risiko-geval is vir homself/haarself of die skool, kan die leerder nie aanvaar word nie.

## 2.4 Praktiese implikasies by alle aansoeke

2.4.1 Leerders wat tuisonderrig ontvang het en nie die verlangde dokumente kan indien nie, kan nie volgens die gewone prosedure geëvalueer word nie. Evaluering van hierdie leerders sal geskied op die beskikbare inligting en in die beste belang van die skool.

2.4.2 Die skool verlang besonderhede van enige aanmeldbare siektes, toestand van die leerder wat die liggaamlike welsyn van enige ander kan raak en/of spesiale behoeftes wat die leerder mag hê ten einde sinvolle onderrig by die skool te kan ontvang. Indien die skool nie aan die behoeftes van die leerder kan voldoen nie, kan die leerder nie geakkommodeer word nie.

2.4.3 Indien die vakkeuse van die leerder nie deur die Skool geakkommodeer kan word nie, of indien daar enige ander besonderhede in die aansoek is wat daarop dui dat dit nie in die leerder of die Skool se beste belang is dat die leerder toegelaat word nie, sal die leerder nie toegelaat word nie.

2.4.4 Enige ernstige oortreding waaraan die leerder skuldig bevind is deur ’n hof of ’n vorige skool deur die leerder bygewoon, sal in berekening gebring word. Die dissiplinêre rekord van enige voornemende leerder van die skool kan bestudeer word. Die skool sal dan alle stappe binne sy bevoegdheid neem om die toelating tot die skool van ’n leerder, wie se optrede of gedrag die skool se belange mag bedreig, te voorkom.

2.4.5 Waar die voornemende leerder **twee of meer jaar ouer** is as die normale ouderdom wat deur die Wet of Regulasie voorgeskryf word, sal sodanige leerder nie aanvaar word nie. Die normale ouderdomsvereiste vir toelating van 'n leerder is die graadnommer plus 6.

2.4.6 ‘n Leerder wat getroud is, sal nie tot die skool toegelaat word nie.

2.4.7 ’n Leerder sal nie toegelaat word as die getalle per graad, volgens huidige kapasiteit oorskry word nie (nie meer as 7 klasse met 32 leerders per klas nie).

2.4.8 Aansoeke om toelating van persone sonder Suid-Afrikaanse burgerskap sal hanteer word ooreenkomstig paragrawe 19-21 van die ministeriële beleid.

2.4.9 Die Skool kan na eie goeddunke besluit om ’n matriekleerder wat om hertoelating aansoek doen, te weier op grond van die Skool se vermoë, infrastruktuur en die grootte van die graad 12-groep waartoe die leerder toegelaat wil word.

2.4.10 ’n Leerder moet vir die volle aanbod van die kurrikulum by die Skool inskryf en kan nie slegs enkele vakke by die Skool neem nie.

# 3 AKADEMIE

## 3.1 Vakkeuse

| | GRAAD 8 | GRAAD 9 | GRAAD 10-12 |
|---|---|---|---|
| | **VERPLIGTE VAKKE** | **VERPLIGTE VAKKE** | **VERPLIGTE VAKKE** |
| | Afrikaans Huistaal<br><br>Engels Huistaal (Eerste Taal)<br>**OF**<br>Engels Eerste Addisionele Taal (Tweede Taal) | Afrikaans Huistaal<br><br>Engels Huistaal (Eerste Taal)<br>**OF**<br>Engels Eerste Addisionele Taal (Tweede Taal) | Afrikaans Huistaal<br><br>Engels Huistaal (Eerste Taal)<br>**OF**<br>Engels Eerste Addisionele Taal (Tweede Taal)<br><br>Wiskunde<br>**OF**<br>Wiskundige Geletterdheid<br>**OF**<br>Tegniese Wiskunde<br><br>Lewensoriëntering |
| | Tegnologie<br>Lewensoriëntering<br>Natuurwetenskappe<br>Geskiedenis<br>Geografie<br>Rekeningkunde<br>Bedryfsekonomie<br>Wiskunde<br>Digitale Leer<br>Cami Wiskunde | Tegnologie<br>Lewensoriëntering<br>Natuurwetenskappe<br>Geskiedenis<br>Geografie<br>Rekeningkunde<br>Bedryfsekonomie<br>Wiskunde<br>Digitale Leer<br>Cami Wiskunde | **KEUSEVAKKE - DRIE VAN:**<br><br>Fisiese wetenskappe<br>Tegniese Wetenskap<br>Lewenswetenskappe<br>Geskiedenis<br>Geografie<br>Rekeningkunde<br>Besigheidstudies<br>Verbruikerstudies<br>Visuele Kuns<br>Musiek<br>Rekenaartoepassingstegnologie<br>Ingenieursgrafika en -ontwerp<br>Toerisme<br>Dramatiese Kunste<br>Inligtingstegnologie<br>Houtbewerking/Siviele Diensste/Digitale elektronika |
| | **KEUSEVAKKE -** | **KEUSEVAKKE -** | **AGTSTE VAKKE:** |
| **Skeppende Kunste** | **TWEE VAN:**<br>Kuns<br>**OF**<br>Musiek *<br>**OF**<br>Drama | **TWEE VAN:**<br>Kuns<br>**OF**<br>Musiek *<br>**OF**<br>Drama | Gevorderde Program Wiskunde<br>*(AP Maths)*<br><br>Duits |
| | Duits** (opsioneel) | Duits** (opsioneel) | |

*Leerders moet eers 'n oudisie slaag voordat hul aanvaar word vir Musiek. 'n Fooi van R1600 per kwartaal word gehef vir Musiek.

Leerders word eers geassesseer voordat hulle Engels Huistaal kan neem. Keuring vind tydens die eerste skoolweek plaas.

** Duits kan as 'n ekstra vak in gr. 8 en 9 geneem word.

## Ekstra vakke

### Agste vak: Duits/Gevorderde Program Wiskunde

**Vereistes**:

- Verpligte klasbywoning
- Toetse/eksamen/praktiese werk soos deur assesseringsprogram bepaal
- Klasgelde word gehef

### 3.2 Akademiese Bystandsklasse

Akademiese bystandsklasse word gratis deur die skool aangebied.

### 3.3 Huiswerkklas

Leerders wat by die skool moet wag vir sport of vir ‘n saamrygeleentheid kan onder toesig tot 15:30 by die skool huiswerk doen. Hierdie klas is Maandae tot Donderdae beskikbaar.

### 3.4 Olimpiades

Leerders word aangemoedig om aan verskeie olimpiades deel te neem.

## 4 BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

### 4.1 Sport

Die beoefening van sport is ‘n belangrike opvoedingsterrein en die kweek van ‘n gebalanseerde, kompeterende gees is ‘n belangrike prioriteit. Daar word van leerders verwag om aan minstens een somer- en een wintersport deel te neem.

| **Seuns** | | **Meisies** | |
|---|---|---|---|
| **Somer** | **Winter** | **Somer** | **Winter** |
| Atletiek | Gholf | Atletiek | Gholf |
| Gholf | Hokkie | Gholf | Hokkie |
| Krieket | Landloop | Tennis | Landloop |
| Tennis | Muurbal | Toutrek | Muurbal |
| Toutrek | Rugby | Rolbal | Netbal |
| Rolbal | Skaak | | Skaak |
| | Toutrek | | Toutrek |
| | Rolbal | | Rolbal |
| | Bergfiets | | Bergfiets |

Ons leerders neem ook deel aan sport buite skoolverband en ontvang erkenning vir prestasies behaal.

## 4.2 Kulturele aktiwiteite

Leerders word deur die deelname aan 'n verskeidenheid kultuuraktiwiteite toegerus om in gebalanseerde en emosioneel-volwasse jongmense te ontwikkel. Die beoefening van en waardering vir die kunste word aangemoedig en gestimuleer.

## Kultuur

| | |
|---|---|
| **Musiek** | Eisteddfods - Stellenbosch en Helderberg<br>Unisa-eksamens, "Rock en Pop" eksamens<br>Meisiekoor en seuns-ensamble<br>"Unplugged-aand" |
| **Kuns** | Eisteddfods - Stellenbosch en Helderberg<br>Kunswaarderingsklas<br>Kunsklub - seniors |
| **Woordkuns** | Eisteddfods - Stellenbosch en Helderberg |
| **Toneel** | Verskeie toneelspanne (Senior, Junior, Shakespeare-fees, Revue)<br>Deelname aan toneelfeeste en kompetisies<br>Dekorspan<br>Klank- en beligtingspanne<br>Verhooggrimering<br>Opeklas – Gehoor vir nuwe toneel/poësie/musiek<br>Uitstappies<br>'Op die Planke' eisteddfod |
| **Redenaarskuns** | Redenaarskompetisies<br>ATKV-kompetisies<br>Rotariërskompetisie (Individueel en groep) |
| **Skoolkoerant** | Die Suidooster (Instagram) |
| **Fotografie** | Junior- en seniorfotoklub<br>Neem foto's van aktiwiteite by skool<br>Opleiding |

Ons leerders neem ook deel aan kultuur buite skoolverband en ontvang erkenning vir prestasies behaal.

## Verenigings en klubs

| | |
|---|---|
| **Noodhulp** | Opleiding<br>Deelname aan nasionale kompetisies<br>Dienslewering tydens sportbyeenkomste |
| **VCSV/FUEL** | Jeugsaamtrekke<br>Byeenkoms een maal per week |
| **Ti amo** | Uitreike<br>Gemeenskapsdiens |
| **Groen** | Omgewingsdiens<br>Uitreike |
| **Robotika** | Opleiding (addisionele koste) |

Ons leerders neem ook deel aan verenigings buite skoolverband (Landsdiens en Voortrekkers) en ontvang erkenning vir prestasies behaal.

# 5 WAARDES EN MANIERE

Hoërskool Strand is 'n waardegedrewe skool. Dit beteken dat waardes die kompas is wat ons personeel en leerders se optrede rig en bepaal. Wanneer waardes die basis vorm van ons daaglikse optrede is reëls nie nodig nie. Die skoolgemeenskap het die volgende VYF KERNWAARDES geïdentifiseer:

RESPEK
Arende staan op vir ouer mense en seuns wag vir dames by deure.

INTEGRITEIT
'n Trotse Arend se woorde en dade moet getuig van die regte keuses.

HARDWERKENDHEID
Doen alles tot die beste van jou vermoë om jou eie en die arendefamilie se naam hoog te hou.

VERANTWOORDBAARHEID
Betrokkenheid is elke Arend se verantwoordelikheid.

DIENSBAARHEID
Dien jou skool en jou medemens met oorgawe.

Om die waarde van respek meer prakties te maak fokus ons op VYF ONONDERHANDELBARE MANIERE in ons skool:

Ek groet ander mense.
Ek sê dankie en asseblief.
Ek luister as ander mense praat.
Ek praat op 'n beskaafde manier met ander mense.
Ek strooi nie rommel nie.

Ons visie
Hoërskool Strand sal 'n hoërskool vir die gemeenskap wees waar almal wat hier tuis hoort, hulle unieke menswees kan uitleef in 'n omgewing van uitnemendheid**.**

Waar Valsbaai krom langs sonnig strand
En golwe skuimend speel
Daar pryk beroemd deur heel ons land
Ons dorp se hoërskool.
Daar leer ons hoe ons lewe
Aan plig en diens te wy.
Eerbiedig en opreg te wees
Die kwade te bestry.
Regverdig, eerlik, ruim van gees
Getrou aan land en volk te wees.
Ons taal te handhaaf skoon te hou
Met vreugd' en liefde voort te bou
VOLHARD EN OORWIN
Roem ons skool sy naam
Wyd deur Suid-Afrika sy faam.

Ons sien daarna uit om u by die Arende-familie te verwelkom.

# 6 EIE NOTAS